
# MONWES GEMEENTE

# BYBELSKOOL

## Gebed volgens die tempeluitleg

## Weg, Waarheid en Lewe



Die voorhof van die Tempel het bekend gestaan as die Weg. Die Heilige deel het bekend gestaan as die Waarheid en die Allerheiligste as die Lewe.

Wanneer Jesus dan sê dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is, *(Johannes 14:6  Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.)* dan bedoel Hy dat Hy die nuwe Tempel is. Deur Hom kry ons toegang na God.

**<u>Die Weg. Die Voorhof van die Tempel.</u>**

**Die slagplekke en die offeraltaar.**

Hier het die gewone Jood sy offerdier aan `n priester oorhandig sodat die priester die lam kon slag en die vleis en bloed daarvan kon oor die altaar te versprei as boetedoening van jou sondes.

Na Jesus was dit nie meer nodig vir die Christene nie en het die offeraltaar oorbodig vir hulle geword.

Maar vir ons doeleindes. Hier kom offer jy jou tyd en jou hele wese aan die Here deur tyd en energie af te staan vir jou gebedstyd met God.

**Die Koperwaskom**.

Deur jou tyd en wese aan God te wy het jy jou teenwoordigheid by die Here bekend gemaak.

Ons kan egter nie in die Here se teenwoordigheid kom  nie omdat ons vol sonde is. Daarom doen jy hier belydenis van jou skuld sodat jy toegelaat kan word om verder die tempel in te kan beweeg.

Wanneer dit afgehandel is, kan jy die “Heilige” betree.

**<u>Die Waarheid: Die Heilige.</u>**

**Die Goue Kandelaar.**

Die Goue Kandelaar met sy sewe lampe is verteenwoordigend van die Heilige Gees. Ons in die Gereformeerde tradisie het deur die 500 jaar maar min gemaak van die rol wat die Heilige Gees in ons lewe speel. Hoe verkeerd was ons nie!

In hierdie deel van jou gebed raak jy bewus van die Heilige Gees wat in jou is en jy vra na sy leiding in jou gebed verder aan. Eintlik word die Heilige Gees nou jou Gids soos jy deur die res van die Tempel beweeg.

**Die Tafel met Toonbrode.**

Die Tafel met Toonbrode is simbolies van die Here se sorg vir sy mense. Hier kry jy geleentheid om vir jou daaglikse brood te vra. Vir dit wat jy nodig het. Weereens nie selfsugtig nie, maar dinge wat jy persoonlik nodig het om jou getuienis aangaande die Koninkryk te kan lewer.

**Die Wierookaltaar.**

Die wierook altaar se reuk het atmosfeer in die Tempel geskep. Mettertyd het dit simbolies geword van gebed wat opstyg na God toe.

Die Boek Openbaring vereenselwig hom met die gedagte. Hier is die plek vir voorbidding. Jy bid hier op jou gebedslysie af en bid vir ander mense en instansies en situasies.

**<u>Die Lewe: Die Allerheiligste.</u>**

Met Jesus se sterwe op Golgotha het die voorhangsel in twee geskeur en die gewone Jood kon die Ark van die Verbond sien. Voorheen kon slegs die Hoëpriester die Allerheiligste besoek. En dit net eenmaal per jaar op die Groot Versoendag, oftewel Jom Kippoer.

Danksy Jesus het ek en jy nou vrye toegang na God toe.

**Die Ark van die Verbond.**

Die Ark van die Verbond is die teken dat die Here se verbond met Israel geldig is en bly. Binne in die ark is Moses se staf, die kliptafels waarop die Tien Gebooie neergeskryf is en ook `n bakkie met manna in.

Dit alles herinner die volk daaraan dat God getrou aan sy Verbond sal sorg en dat ons heilig voor Hom moet leef. Hy is ons eintlike leier en Hy maak net gebruik van mense om tydelik soms leiding aan sy mense te gee.

Wanneer jy nou die Allerheiligste betree dan is jy in God se Teenwoordigheid. Jy sit op God se skoot! Hier kan jy vertoef so lank as wat jy wil Hier is geleentheid vir Skrifstudie, nadink oor jou lewe voor God en sommer net om by God te wees.